

Pensioen-veranderinge: Bly kalm

Kry betroubare raad en hou aan spaar

Deur

Hanlie Stadler

Saterdag 06 September 2014 10:11 nm.



Dís juis wat die pensioenhervormings wil keer: dat mense op hul oudag sonder geld sit. Foto: istock

Op 1 Maart 2015 tree enkele veranderinge ten opsigte van aftreevoordele in. Dit het baie mense op hol, maar die boodskap van die bedryf is: Bly kalm en hou aan spaar.

Waarom word veranderinge aan aftreevoordele gemaak?

Yusuf Nanabhay, hoof van produkontwikkeling van Momentum Employee Benefits: FundsAtWork, sê: “Minder as 10% van Suid-Afrikaners kan gemaklik aftree. Die res kan óf nie aftree nie óf moet op vriende en familieledede – en uiteindelik die staat – staatmaak om hulle te ondersteun. Die hoofdoelwit van die veranderinge is dus om Suid-Afrikaners aan te moedig om meer vir aftrede te spaar.”

Michelle du Toit, hoofkonsultant van Old Mutual Corporate, sê die gerugte dat lede se spaargeld “opgesluit, gevat of elders gebruik gaan word”, is net bangmaakpraatjies.

Die tesourie het vroeër in ’n verklaring gesê: “Die regering stel geensins voor dat mense se huidige en toekomstige voordele deur die staat bestuur, beheer en gehou – vertolk as nasionalisering – word nie.”

Nog ’n rede vir die veranderinge is dat verskillende soorte aftreeprodukte tans verskillend belas word en verskillend behartig word as jy aftree. Alles word nou

eenvormig gemaak. Daar is tans vier soorte aftreeplanne: pensioenfondse, voorsorgfondse, bewaringsfondse en uittree-annuïteite (UA's). Hoeveel geld mag jy onttrek wanneer jy aftree?

Op die oomblik werk dit só:

- As jy 'n pensioenfonds of UA het en aftree, mag jy 'n derde van jou geld as 'n kontantbedrag onttrek. Met die res moet jy 'n annuïteit koop wat vir jou 'n gereelde pensioeninkomste gee.

- As jy 'n voorsorgfonds het en aftree, mag jy ál jou geld in kontant onttrek.

Jy word daarop belas, maar wat jy met die geld doen, is jou saak.

Wat verander:

Dié onderskeid val weg. Voortaan sal jy ook net 'n derde van jou geld mag onttrek wanneer jy uit 'n voorsorgfonds aftree en met die res sal jy 'n annuïteit moet koop.

Wat nie verander nie:

- Jy behou jou gevestigde regte. Die voordele wat jy tot op 28 Februarie 2015 in 'n voorsorgfonds opgebou het (jou bydraes én die groei daarop), word steeds soos tans behartig. Die verandering raak slegs die bydraes wat ná 1 Maart begin oloop. Dus, wanneer jy aftree, sal jy steeds die volle voordele uit jou voorsorgfonds mag onttrek wat tot einde Februarie opgeloop het, maar jy sal net 'n derde in kontant mag onttrek van die bydraes en groei daarna.

- Mense wat R150 000 of minder in enige soort aftreeprodukt het, sal die volle bedrag mag onttrek. (Tans is dit R75 000 of minder.)

- As jy op 1 Maart 2015 55 jaar of ouer is, word jy glad nie geraak deur die nuwe reëls vir voorsorgfondse nie, op voorwaarde dat jy tot met jou aftrede lid van dieselfde voorsorgfonds bly.

Belasting

Tans word onderskei tussen pensioendraende en nie-pensioendraende inkomste en jy word toegelaat om 'n sekere persentasie van elke soort inkomste belastingvry tot aftreeprodukte by te dra.

Wat verander:

Jou totale inkomste word bereken en jy mag 27,5% daarvan belastingvry tot enige aftreeprodukt bydra, tot 'n maksimum van R350 000 per jaar. Dié bedrag sluit in die bydrae wat jou werkgever tot die fonds maak.

“Die uitwerking hiervan gaan minimaal op die meeste mense wees. Slegs as jy meer as 27,5% van jou inkomste spaar of 'n baie groot salaris verdien, sal jy dalk

meer belasting betaal,” sê Hettie Joubert, regsadviseur by Momentum Employee Benefits: FundsAtWork.

Om die waarheid te sê, mense wat tot 'n voorsorgfonds bydra, sal effens minder belasting betaal omdat hulle hul bydrae van belasting sal kan aftrek.

Ongeskiktheidsvoordele

Tans kan jy belasting terugeis vir die premies op ongeskiktheidsinkomste, maar as jy ooit ongeskik sou word, word die inkomste wat jy kry, wel belas.

Wat verander:

Die belastingaftrekking op jou premies val weg, maar indien jy ongeskik verklaar word, sal die inkomste wat jy kry, nie meer belas word nie.

Hoe raak dit jou?

Nanabhay sê dit beteken dat jy effens meer belasting gaan betaal. “Mense moet egter onthou dat 1 Maart ook die datum is waarop die nuwe belastingkoerse ingestel word. Jou hoër belasting sal geneutraliseer word deur die feit dat die belastingbande verander om vir inflasie voorsiening te maak.”

Wat gebeur as ek bedank?

Nanabhay beklemtoon dat die veranderinge slegs mense raak wanneer hulle aftree. As jy bedank, afgedank of afgelê word, mag jy steeds al die geld uit jou pensioen- of voorsorgfonds in kontant onttrek. Benewens dat jy kwaai belas word daarop, is dit 'n slegte plan omdat jy nooit daarin sal slaag om weer daardie geld – en die saamgestelde groei daarop – vir jou aftrede te spaar nie. 'n Baie beter plan is om die geld – belastingvry – na die pensioenfonds van jou nuwe werkgewer of na 'n bewaringsfonds oor te dra.

Watter ander veranderinge kan ons nóg verwag?

Die grootste verandering wat die regering beplan, is dat jy as jy bedank of afgedank word, jou aftreegeld moet bewaar. Dié verandering gaan nie voor 2016 intree nie, en dalk selfs later, meen Nanabhay. “Ons hoor van mense wat nou bedank omdat hulle wil seker maak hulle kry toegang tot hul geld. Moet dit nie doen nie! Onthou, jou gevestigde regte sal beskerm word.”

Dus, die verandering sal slegs bydraes en opbrengste raak wat ná die datum dat die verandering intree, gemaak is.

Ander veranderinge wat die tesourie al bespreek het, is dat die koste (kommissie en administrasiegelde) van aftreevoordele verlaag word omdat dit 'n groot deel van jou opbrengs opslurp.

'n Derde voorgestelde verandering is dat dit verpligtend word om finansiële raad te kry wanneer jy jou aftreegeld onttrek sodat jy die gevolge daarvan ten volle verstaan, sê Du Toit.

Bron: <http://www.netwerk24.com/sake/2014-09-06-pensioen-veranderinge-bly-kalm>